

## Hoe om 'n gebed groep / byeenkoms by jou gemeente, huis groep of vriendekring te begin.

Miskien is daar iemand wie deur die Here oortuig is om 'n gebedsgroep te begin. Of miskien is jy reeds deel van 'n gebedsgroep en soek raad om jou groep uit te brei of meer effektief te maak. Ons by MPG gebed probeer graag help met raad en riglyne, en vertrou die Here vir wysheid.

### 'n Paar eenvoudige riglyne.

- Kies 'n tyd, aanvanklik is eenmaal per week genoeg, omtrent 'n uur, op 'n tyd wat meeste mense kan pas.
- Kies 'n plek – Dis nie nodig vir 'n formele gebedskamer nie. Dis nie eers nodig dat dit noodwendig by die kerk gebou moet wees. Kry 'n plek wat sentraal is en maklik bereikbaar vir die meeste mense.
- Begin die gebedsgroep adverteer / bekendstel. Dis altyd wys om jou predikant/pastor (e) te ken in die saak, en uit die aard van die saak uit te nooi na die byeenkomste toe. Die byeenkoms kan elke week voor of na die kerkdienste afge kondig word om gemeentelid te bewus te maak.
- 'n WhatsApp groep werk gewoonlik uitstekend vir die doel van kommunikasie met gebedsgroep lede. (Pasop vir misbruik van die WhatsApp platform vir die stuur van eindelose boodskappe en stories en hartjies en duimpies – beperk die uitstuur van inligting tot die leier van die groep)
- Stel 'n groep leier aan – Indien die Here dit op jou hart gedruk het om 'n groep te begin, het ek nuus vir jou – Die Here het jou ook aangestel as leier van die groep. (Ons stuur graag van ons kant deurlopend inligting deur om die taak van leier vir jou makliker te maak)
- Kry 'n datum en plek, vertrou die Here, en begin!
- Moet asb. nie bekommerd wees oor getalle nie – los dit vir die Here om by te voeg of weg te neem.
- Dis baie belangrik dat daar “consistency” in die byeenkomste moet wees. Met ander woorde – groeplede moet nie wonder of daar hierdie week 'n byeenkoms is of nie. Probeer julle bes om getrou elke week bymekaar te kom – “come hell or high water”. Niks laat 'n groep vinniger uitrafel as 'n een week aan, een week af, een week miskien scenario nie.
- Bowenal = moenie wonder of dit die Here se wil is dat julle n gebed groep moet begin of nie. Hy se in Sy Woord – My huis sal wees 'n huis van gebed. (Matt 21:12-13) Gebed is die primêre taak van enige gemeente, hoe kan dit anders as God se wil wees om 'n gebed inisiatief te begin.
- Ten laaste – as jy die aand opdaag en jy's die enigste bidder – moet asb. nie omdraai en huis toe gaan nie. Die Here het 'n spesiale afspraak met jou vir daardie aand. Spandeer die tyd in die Woord, en gebed, bid vir jou huis, jou gemeente, jou leraar, die gebedsgroep en ander sake wat die Here op jou hart druk. Jy sal nie vir een sekonde spyt wees oor hierdie spesiale een tot een tyd wat die Here vir jou gegun het nie!

Seënwense

Moreletapark Gemeente gebed bediening